

Is die Bybel BETROUBAAR?

Ek let op jou kerk lê baie klem op "die waarheid soos dit in die Bybel geskryf staan."

Hoe weet jy julle besik oor hierdie "waarheid"? As iemand wat nie aan die Adventiste-kerk behoort nie, vra ek jou: Is die Bybel betroubaar? En is dit histories akkuraat?

En hoe kan jy dit weet?

As jy iets so belangriks nie kan bewys nie, hoe kan mens dan aanvaar die besielende boodskap is die waarheid?

Vraag van 'n nie-Adventis.



Waaroor dit hier gaan is die *geskiedkundige waarheidsgetrouheid* en *betroubaarheid* van die Skrif, **nie sy besielingsboodskap nie.** (Dit bespreek ek in 'n ander bladjie.)

♦ As jy 'n Adventis is, sal dié bladjie jou dalk help met mense wat nie vertrou is met die **Bybelse waarheid** nie.



Jy onderskat die mense van die Bybelse tye; jy is trouens onder 'n wanindruk. Ek sou eerder sê baie van die mense wat in daardie dae geleef het, sou vandag se mense intelleueel oorskakel. Ons het dalk die selfone en rekenars, maar tegnologie het niks uit te waai met intelligensie of beskaafdheid nie.

Kom ek gee jou 'n paar voorbeelde van mense se intellektuele en ingenieursvernuif in die dae toe die Bybel geskryf is, oor 'n tydperk van sowat 1 500 jaar voor Christus. Dit getuig van die besondere vermoëns waaroor die onderskeie groepe mense in daardie tyd beskik het.

Jy moet verstaan - in 'n hoogs opgevoede gemeenskap sou die Bybel nie vyf minute gehou het as dit nie akkuraat was nie.



Antieke Babilonië
Die abakus of tetraam is sowat 3000 jaar vC in die antieke ryk van Mesopotamië uitgevind, maar dis so 'n vernuftige toestel dat dit vandag nog gebruik word! Die Babiloniërs het syferberekenings daarmee gedoen.

Hulle het basis-60 vir wiskunde gebruik, teenoor ons basis-10 - wat beteken hulle kon nie verveuk deur op die vingers te tel nie!

Basis-60 wiskunde het in die derde millennium vC by die antieke Sumeriërs ontstaan en is deur die eeuë heen aangeeë, wat verklaar waarom ons minute 60 sekondes, ons ure 60 minute en ons sirkels 360 grade het.

Die abakus kan getalle van meer as ses miljard bereken, en 'n bedrewe gebruiker sal 'n moderne sakrekenaar klop. **Glo jy nog die ou mense was agterlik?**



Antieke Griekeland
Hoe die Parthenon 2 400 jaar gelede gelyk het: 'n presiese replika wat in Tennessee, VSA gebou is. Die Parthenon, 'n Griekse tempel wat omstreeks 447 vC gebou is, lyk op die oog af volmaak gevorm - maar dis 'n optiese illusie. Om te vergoed vir perspektiefverwringing weens die gebou se enorme

grootte, leun die pilare in der waarheid effens buitentoe, wat hulle perfek loodreg laat lyk vir iemand wat op die grond staan, terwyl die basis effens geboë is om volkome waterpas te lyk. **Is dit slim of is dit slim?**

Sedert die helfte van die 20e eeu lanseer ons satelliete, wat ons in staat stel om die aarde se omtrek presies te bepaal: 40 030 km. Maar 'n stuk of 2 200 jaar gelede het die Griekse wiskundige Eratostenes die omtrek bereken deur die aarde se ronding te meet - en amper presies dieselfde antwoord gekry! En dit sonder die hulp van satelliete...



Antieke Rome
Die Roomse Senaat. Moderne state grond hul staatsbestel vandag nog meestal op die Romeinse model.

Die Romeinse se taal was Latyn. Dis vandag 'n "doeie taal", tog leer ons dit steeds op skool en aan die universiteit.

Dit is omdat Latyn 'n uiters presiese taal is en dus allerweë vir regs- en mediese terminologie aangewend word. Dis ook die taal waarop die teologie, filosofie, grammatika, logika, letterkunde, chemie en nog talle ander dissiplines hulle terminologie baseer. Baie van ons moderne tale, soos Italiaans, Frans en Spaans, stam van Latyn af, terwyl 'n beduidende deel van die woordeskat van selfs Germaanse tale soos Afrikaans en Engels uit Latyn afkomstig is. 'n Doeie taal?




Antieke Egipte
Ek kan onbepaald uitwee, maar kom ons noem net nog een voorbeeld, die antieke Egiptenare. Meer as 4 000 jaar gelede het hulle die piramides gebou - met 'n akkuraatheid van 0.05%, iets wat ons vandag

met ons lasertegnologie beswaarlik kan ewenaar! Die Groot Piramide se kern-blokke weeg gemiddeld sowat 1.5 ton elk, terwyl die graniënblokke in die graf-kelders se dak na raming soveel as 80 ton elk weeg. Ingenieurs kan steeds nie ooreenkom oor die metodes wat gebruik is om dié massiewe blokke te vorm, op te lys en sekur te plaas nie. (Min van vandag se hijskrane kan so 'n gewig baasraak.) Sommige van die blokke kom uit 'n steengroef in Aswan, byna 700 km ver weg. Hoe het die mense dit vervoer?

Ja-nee, die ou mense het beslis hulle klein (of dalk groot) geheimpies gehad!



Ek is seker jy stem nou saam dis 'n fout om die ou mense se verstandelike vermoë te onderskat. In baie opsigte kan ons hulle ingenieurs-, kulturele en intellektuele prestasies nou nog nie klop nie! **Dit bewys hulle was belese en ten volle in staat om enige saak in verfynde taal te boekstaaf.**



Die Via Appia, 'n Romeinse pad wat nog gebruik word. Dit loop tussen Rome en Brindisi - al vir meer as 2 000 jaar lank.

Ja, na al dié voorbeelde moet ek met jou saamstem. Ek onthou nou ook toe ek op skool was, het ons van die paaië geleer wat die Romeinse gebou het toe hulle England in ongeveer 70 nC verower het. Hulle het verskillende dreineringsvlakke ingebou om slagpaaie te verhoed. Baie van daai paaië is vandag nog in gebruik.

Jammer hulle kan nie vir ons paaië kom bou nie!



Ek het sowaar nie gedink die Bybelse mense was so gevorderd nie. Om billik te wees, moet ons hulle met meer respek bejeën.

Maar ek het nog 'n probleem, nie so maklik om op te los nie.

Kyk of jy dié een vir my kan antwoord: **Ek weet die Bybel is nie in Afrikaans geskryf nie.** Hoe kan ek dan seker wees dis akkuraat? Gesien dat dit net 'n vertaling is?



Johannes Gutenberg (gestorft 1468)



Gutenberg het die drukpers (bo) in omstreeks 1448 nC uitgevind.

Tot met Gutenberg moes Bybels of enige tekste met die hand geskryf word. Dié proses beteken natuurlik foute kan geredelik gemaak word, maar met die koms van die drukpers het akkuraatheid aansienlik verbeter.

Beantwoord dit jou vraag oor akkuraatheid minstens gedeeltelik?



William Tyndale 1494-1536

Nou, kom ons dink net weer jou beswaar oor die vertaling.


William Tyndale is deur die Bybel uit Grieks in Engels vertaal het, iets wat indertyd teen sowel die kerk as die staat se wette was. Ironies genoeg het koning Hendrik VIII pas 'n jaar later die kans geskep vir die Bybel om in Engels vertaal te word. Die klassieke King James-werkgewa, wat swaar op Tyndale se werk gestaan het, het hierop gevolg.



Twee bladsye van Tyndale se Bybel, die eerste Engelse Bybel wat gedruk is. Tyndale was op sy dag een van die voorste Hervormers.

Voor Gutenberg het kalligrafiese tekste met die hand geskryf, meestal in kloosters. Dit was duur en tydrowend. Hierteenoor kon die drukpers honderde keere vinniger druk as wat selfs die knapste skrywers kon skryf, en aansienlik goedkoper ook.

Nog belangriker, met los letters was dit maklik om foute reg te stel, sodat die teks deur bedrewe senior persone nagegaan en geredigeer kon word, waarna 'n groot getal akkurate kopieë gedruk kon word.



Ons weet van meer as 5 686 Griekse manuskripte van die Nuwe Testament. Sluit ons Latynse en ander weergawes in, is daar minstens 25 000 geskrifte! Daar bestaan nie eers naastenby soveel kopieë van enige ander antieke dokumente nie.

Die belangrikheid hiervan kan kwalik oorskakel word. **Danksy soveel tekste is dit moontlik om die oorspronklike werk feitlik foutloos te herskep.**

Vertaalfoute is nie 'n faktor nie. Ons beskik oor oorspronklike Griekse manuskripte. Die uiters noukeurige Hebreuse tekste is bevestig deur die talle dubbelkontroles wat die skrywers in daardie tyd kon maak. Daar is 'n stuk of 300 aanhalings uit die Ou Testament in die Nuwe Testament wat van die tekste se akkuraatheid getuig.

'n Voorbeeld is dié volledige perkamentrol (bo) van die Hebreuse Bybelmanuskrip van Jesaja, in 1947 in die Qumran-grot gevind. Dié kopie, wat uit die eerste eeu vC dateer, word as die oudste bestaande Ou Testament-rol beskou.



Ek herinner die lesers daaraan dat die Ou Testament in Hebreuse geskryf is, met dele in Aramees, wat met Hebreus ooreenkom. Die Nuwe Testament is in Grieks geskryf.



Moses het Genesis en moontlik Job ook glo sowat 3 400 jaar gelede geskryf, omstreeks 1400 vC.



Openbaring is die jongste boek in die Bybel en is in die omtrek van 90 nC voltooi.



Om die bibliografietoets op te som: Daar is meer kontroles wat die geskrifte van die Ou en die Nuwe Testament staaf ten opsigte van hoeveelheid, gehalte en tydsduur as in die geval van enige ander antieke dokument.



Die eerste King James-bybel, kwartgrootte, wat in 1612 verskyn het.

Wêreldwye Selfoon-evangelisasie, Bybelstudie en Preke

Kontakbesonderhede:
Neville Nevelling
Neville WhatsApp: +264811285323
e-pos: neville@awr.org

Webblad vir Afrikaanse Nutsiteme:
teksopteks.co.za

Wil jy graag meer weet? Hier's 'n paar nuttige kontakbesonderhede!

BLADJIE © GEORGE ROSS